

*Van volksmoeder tot Fokofpolisiekar. Kritiese opstelle oor
Afrikaanse herinneringsplekke*
(Sun Press, Stellenbosch, 2008)

Albert M Grundlingh & Siegfried Huigen *en andere*

Elize S van Eeden
Skool vir Basiese Wetenskappe
Vaaldriehoekampus
Noordwes-Universiteit

Hierdie publikasie, met sy titel wat die leser kan ontroer maar terselfdertyd kan ontstig, bestaan uit 20 opstelle van sowat agt tot twaalf bladsye elk. 'n Wyd geskakeerde versameling van temas word krities debatteer wat iewers tussen niks en nêrens paaie kruis met vele vertakte herinneringe as synde spore van die Afrikaanse kultuurskat. Dit word as kollektiewe herinneringe van die blanke Afrikaanssprekende aangebied, en gedoen binne die skrywers se ervaringsruimtes van die eie en 'n ander se leengoed of sêgoed. Onder leiding van historikus Albert Grundlingh en letterkundige Siegfried Huigen is 15 Afrikaanse skrywers vanuit 'n verskeidenheid van dissiplines ook ingespan, waarvan die meeste kundiges is uit die tale, enkeles uit geskiedenis, sielkunde, musiek en antropologie sowel as die kultuur, argitektuur en kunste. Die meeste van hierdie bydraes is deur akademici van die Universiteit van Stellenbosch gelewer, terwyl die Belg, Luc Renders, en die Suid-Afrikaner Ena Jansen – tans dosent aan die Vrije Universiteit van Amsterdam – ook ingespan is.

Na as't ware 20 jaar van stilswye sedert die publikasie *Afrikanerbakens* as 'n vorm van kollektiewe herinnering verskyn het, en as verteenwoordigend van veral die herinneringsplekke van die Afrikaanssprekende in Suid-Afrika, skep *Van volksmoeder...* herontginde, en kreatief vrygemaakte perspektiewe vir debat. Daar is debatte oor “koue” herinneringe, “ou” herinneringe voor 1994 en dan meer resente tendense as “toekomstige” herinneringe wat ook verband hou met die Afrikaanssprekende se verlede, wat lesers sal interesseer.

Nie alleen is so 'n publikasie tydig nie, maar is die benadering daarvan tipies in die tydsgees van vryheid van spraak waarin die meeste skrywers, as synde Afrikaanssprekendes, poog om oopkop te redeneer oor hulle navorsing en/of eie herinneringe waarvan sekere fasette daarvan ewenwel as kollektiewe herinneringe van hierdie taalgroep (en selfs die kleurgroep) sou kon deurgaan. Op 'n manier word in van die temas opnuut aan rowe wat persepsies oor ras meebring het, geskaaf. Dit merk 'n mens veral in die temas wat swart en kleurling aangegaan het, en veral dié se blyplekke soos in die verlede.

Inderdaad kon *Van volksmoeder...* nie die vlagskip dek van temas vanuit die Afrikaanssprekende (en sommige skrywers verwys pertinent na Afrikaners) se kollektiewe herinneringe nie. Nog minder kan daar sekerheid wees dat die skrywers se individuele herinneringe wel as 'n verteenwoordigende kollektiewe herinneringe van die Afrikaanssprekende beskou kan word. Daarvoor is veel meer debat nog op alle vlakke van die samelewing nodig om met gesag na insidente en belewenisse as kollektiewe herinneringe te kan verwys, veral as die ideaal van die leser in ag geneem word, naamlik: Hoe sien die kollektiewe groep (jonk en oud) al die kritiese herinneringe ter sprake in die publikasie, vanuit 'n 2009-bril? Ten opsigte hiervan, en die chronologiese deurtrek van 'n tema as "herinneringsplek" van die Afrikaanssprekende is nie al die bydraes ewe oortuigend genoeg nie. Wat voorts nie ignoreer kan word nie, is dat enige onderdrukking van herinneringe waarmee die individu groot geword het (wat binne die eie herinneringe en kollektiewe identiteite as goed en reg beskou was) wel in later jare besondere herinneringe kan meebring, sou die individu opnuut aan spatsels daarvan (hoe verwring die motivering ook al) blootgestel word. Dan word aangename en positiewe "belong to" emosies gewek omdat "iets" van die individu se herinneringe dan na die oppervlak van die gemoed beweeg. Dit mag wees dat 'n kollektiewe Afrikaanssprekende denke sedert die negentigerjare in 'n modus ingegaan het waarin die self 'n neiging vergestalt het om ontkenkend met die erfenis van die eie kollektiewe verlede te verkeer. Dit, bloot oor die woord sondebok klaarblyklik in groter letters oor Afrikaans en Afrikaanssprekende geskryf staan, as wat dit die geval is met ander groepe in Suid-Afrika.

Van die opstelle wil die leser se geheue vanuit die geskiedenis verfris, soos byvoorbeeld dat die wording van lokasies Engelse wortels het, en dat veral blanke kinders van dekades gelede al goed met die huishulpe in hulle grootwordproses klaargekom het. Hoe ook al, as 'n onderdrukte kollektiewe herinnering op die een of ander wyse weer aan die groot klok gehang word

– of dit nou skeef is of halfpad uit tyd is, en selfs enige moreel-etiese grense oorskry – verdwyn die geheueverlies en gebrek aan bravade, en “voel” dit half weer “ok” om “kollektief” ’n stem saam met ander daarvoor te kan wees. Ten opsigte hiervan noem die outeurs inderdaad sydelings dat:

Groep kan selfs herinneringe in individue produseer wat hulle nooit in ’n direkte sin ervaar het nie.

Hiervan is die De la Rey-lied ’n tipiese voorbeeld van vir veral jongmense, teenoor die Polisiekar rockgroep wat met hulle naam en hulle lirieke die verlede waaraan hulle verkleef is, met ’n emosionele woordegeweld wil verdoem, met oënskynlik geen besondere toekomsgerigtheid in hulle musiek repertoire nie.

Elk van die volgende essays is egter besonder insiggewende leesstof in eie reg:

- Die Volksmoeder. Beeld van ’n vrou (*Elsabe Brink*);
- Die lokasie (*Gerrit Olivier*);
- Die Kleurlingkenner se Kleurling (*Hein Willemse*);
- Bantoe – van Abantu na Ubuntu (*Kees van der Waal*);
- Thandi, Katrina, Meisie, Maria, Ou-Johanna, Christina, Ou-Lina; , Jane en Cecilia Magdalena (*Ena Jansen*);
- Rugby (*Albert Grundlingh*);
- Die etende Afrikaner (*Marlene van Niekerk*);
- Die windpomp (*Lizette Grobler*);
- Die geweldige gewel van die Kaap (*Hans Franzen*);
- Herinneringe van heldinne. Bitter bekers en suurdeeg (*Lou-Marié Kruger*);
- Die Voortrekker soek koers (*Lize van Robbroeck*);
- Engels (*Christine Anthonissen*);
- Taalmonumente (*Siegfried Huigen*);
- “Om die vonnis van kortstondigheid te besweer”. Die WAT as herinneringsplek (*Rufus Gouws*);
- N.P. van Wyk Louw (*Luc Renders*);
- Waarom ’n spook as ’n leier? Die “De la Rey”-fenomeen en die herskep van herinneringe, 2006-2007 (*Albert Grundlingh*);
- Boeremusiek (*Stephanus Muller*);

- Die Stem (*Stephanus Muller*);
- “In wrede woede het ek die hand wat beheer, gebyt”. Die opkoms van Afrikaanse (punk) rockmusiek (*Annie Klopper*).

Vir ’n boekpublikasie wat waarskynlik ten doel het om veral die kollektiewe mark binne Afrikaanssprekende kringe te tref, is dele van die inhoud dalk te akademies gegiet met, soms, weinig oortuigende raakpunte vir die huidige tydsgewrig. Juis hierdie metodologiese benadering beïnvloed die gepoogde lesersvriendelike skryfstyl plek-plek. Daarby moet gesê word dat sommige van die opstelle wel gemaklike en insiggewende leesstof uitmaak. Die eiesoortige kritiese benadering van elke skrywer, het die potensiaal om ’n sinvolle debat by lesers te ontlok: Wat ’n mikpunt van die skrywers was. Lesers het inderdaad ook individuele herinneringe oor van die temas wat ondersteunend hiertoe mag wees of selfs absoluut van die skrywers se menings en herinneringe mag verskil.

Ongeag die enkele moontlike leemtes, het die kritiese opstel bydraes in hierdie publikasie beslis alle tradisies omgedop in ’n benadering tot die skryf van, en ’n beskrywing oor, kollektiewe herinneringe van veral blanke Afrikaanssprekendes. *Van Volksmoeder...* is ’n kosbare bydrae wat inderdaad verder uitgebou kan word tot meer soortgelyke temas en bydraes waarvan elk nog nader aan die tyd van publikasie en aan hedendaagse Afrikaanssprekendes kan strek.